(b) to hold himself out as an architect in private practice or in a position to give independent advice on matters of contract, pricing or costs;

(c) to fail to resign from the company, firm or undertaking if his name and professional designation are used in brochures or advertisements issued by such company, firm or undertaking or by any other means in a manner which states or implies that an independent architectural service can be provided;

6.3 subject to regulation 6.2, to participate in any company, firm or undertaking engaged in building or construction work, except in his capacity as the owner or part owner of a building to be or being erected or to participate in any company, firm or undertaking carrying on any supplying or manufacturing business connected with the building industry;

6.4 to issue any drawings and/or specifications or documents in respect of work performed by himself or by some person in his employ or by any member or employee of the permitted company of which he is a

(d) Die woord "President" in regulasie 2.12 word deur die woord "Registrateur" vervang.

(e) Die woorde "in oorleg met die President" in regulasie 2.13 word geskrap.

(f) Regulasie 2.14 word deur onderstaande regulasie vervang:

"2.14 Elke lid van die Adviserende Onderwyskomitee en sy plaasvervanger moet minstens twee weke skriftelike kennis van elke vergadering van die komitee kry en moet ook minstens twee weke voor die tyd van die sakelys vir sodanige vergadering voorsien word."

(g) Regulasie 2.15 word deur onderstaande regulasie vervang:

"2.15 Die sakelys vir enige vergadering moet deur die Registrateur in oorleg met die Voorsitter opgestel word."

HOOFSTUK 5

Onderstaande nuwe regulasie word ingevoeg:

"5.4 Hy moet sy pligte teenoor sy werkgever of kliënt met algehele getrouheid, sonder onredelike versuim en met volle inagneming van die openbare veiligheid uitvoer."

HOOFSTUK 6

Die bestaande Hoofstuk 6 word deur onderstaande vervang:

"HOOFSTUK 6

ONBEHOORLIKE GEDRAG

6.0 Afgesien van die gedrag vermeld in artikel 23 (1) van die Wet is dit onbehoorlike gedrag van die kant van 'n argitek of, waar van toepassing, 'n argitek-in-opleiding—

6.1 om enige van die bepalings van Hoofstuk 5 te oortree;

6.2 om, terwyl hy as werknemer of direkteur of in enige ander dergelike hoedanigheid dien in enige maatskappy, firma of onderneming wat kontrakteurs-, lewens- of vervaardigerswerk doen wat met bou- of konstruksiewerk in verband staan, of terwyl hy 'n geldelike belang het by enige sodanige maatskappy, firma of onderneming, behalwe 'n openbare maatskappy waarvan die effekte en aandele genoteer word op 'n effektebeurs wat ingevolge die Wet op Beheer van Effektebeurse, 1947 (Wet 7 van 1947), gelisensieer is—

(a) die werk van 'n argitek te doen of hom uit te gee vir een wat argitekswerk doen, hetsy vir besoldiging of andersins, behalwe regstreeks en net vir sodanige maatskappy, firma of onderneming;

(b) hom uit te gee vir 'n argitek wat privaat praktiseer of in staat is om onafhanklike advies oor kontraksake, prysing of koste te gee;

(c) te versuim om uit die maatskappy, firma of onderneming te bedank as sy naam en professionele benaming gebruik word in brosjures of advertensies wat deur sodanige maatskappy, firma of onderneming uitgegee word of andersins op 'n wyse wat verklaar of impliseer dat 'n onafhanklike argitekdiens verskaf word;

6.3 om behoudens regulasie 6.2 deel te neem aan enige maatskappy, firma of onderneming wat by bou- of konstruksiewerk betrokke is, behalwe in sy hoedanigheid van eienaar of mede-eienaar van 'n gebou wat opgerig word of sal word, of om deel te neem aan 'n maatskappy, firma of onderneming wat lewens- of vervaardigerswerk doen wat met die bouwyerheid in verband staan;

6.4 om enige tekening en/of spesifikasies of dokumente uit te reik ten opsigte van werk wat deur hom verrig word of deur iemand in sy diens van deur 'n lid of werknemer van die toegelate maatskappy waarvan hy

member, unless the same bear his name or the name of his firm or the name of the permitted company of which he is a member;

6.5 to sign or otherwise identify as having been issued by him, any building plan or document of which he or his firm or the permitted company of which he is a member is not the bona fide author;

6.6 to take part in any architectural competition, limited or otherwise, within the Republic of South Africa and the Territory of South-West Africa, unless the conditions have been submitted to and approved by the Council;

6.7 to attempt in any way to secure work for which a competition has been instituted, except as a competitor and in accordance with the conditions of such competition;

6.8 to attempt to influence, directly or indirectly, the award in a competition;

6.9 to act as an architect or joint architect for any work in respect of which he or his partner or a member of the permitted company of which he is also a member has been nominated as assessor or has accepted the assessorship of any architectural competition or has acted as assessor or adjudicator for such competition, unless the Council consents to his appointment as architect or joint architect for such work;

6.10 to review the work or another architect or the work of a permitted company of which he is not a member for the same client except with the knowledge of such architect or permitted company unless the engagement of such architect or permitted company on the work which is being reviewed has been terminated;

6.11 knowingly to undertake a commission while a claim for compensation or damages, or both, of an architect previously employed on that commission and whose employment has been terminated, remains unsatisfied, unless security for the due satisfaction of any award or judgment, which may be made or given in favour of the said architect, has been given;

6.12 to undertake, or to offer or agree to undertake, the performance of any work in connection with projects, undertakings or services of an architectural nature for less than the scale of fees prescribed in terms of section 7 (3) (b) of the Act without first obtaining the consent of the Council;

6.13 to obtain or attempt to obtain architectural work by means of offering or paying a monetary or other valuable consideration or inducement;

6.14 either personally or through the agency of any other person, whether or not such person is in his employ, to canvass or solicit professional employment or to offer, by way of commission or otherwise, to make payment for the obtaining of such employment;

6.15 to accept any dishonest or improper commission in any form whatsoever;

6.16 to tout for or in any way to solicit professional work;

6.17 to prepare or submit to any person or body either directly or indirectly any building plan or scheme or project or similar documents for which he or his firm or the permitted company of which he is a member has not been professionally engaged;

6.18 to advertise in the lay press, or to arrange or instigate reports, interviews, articles or notices or any description referring to himself, his partner, staff, firm or permitted company professionally, or to issue circulars, letter or professional business cards to any person or body other than those with which a business relationship exists, in a manner calculated to attract clients;

lid is, tensy sy naam of die naam van sy firma of die naam van die toegelate maatskappy waarvan hy lid is, op genoemde stukke voorkom;

6.5 om deur ondertekening of ander wyse van identifikasie voor te gee dat enige bouplan of dokument waarvan hy of sy firma of die toegelate maatskappy waarvan hy lid is, nie die bona fide-opsteller is nie, deur hom uitgereik is;

6.6 om deel te neem aan enige argitektuurkompetisie, beperk of andersins, binne die Republiek van Suid-Afrika en die gebied Suidwes-Afrika, tensy die voorwaardes voorgelê is aan en goedgekeur is deur die Raad;

6.7 om op enige wyse werk te probeer verkry waarvoor daar 'n kompetisie uitgeskryf is, behalwe as mededinger en ooreenkomstig die voorwaardes van sodanige kompetisie;

6.8 om regstreeks of onregstreeks die uitslag van 'n kompetisie te probeer beïnvloed;

6.9 om as argitek of as mede-argitek op te tree vir enige werk in verband waarmee hy of sy vennoot of 'n lid van die toegelate maatskappy waarvan hy ook lid is, benoem is as assessor of die benoeming as assessor aanvraar het in 'n argitektuurkompetisie, of as assessor of beoordelaar by so 'n kompetisie opgetree het, tensy die Raad sy aanstelling as argitek of mede-argitek vir sodanige werk goedkeur;

6.10 om die werk van 'n ander argitek of die werk van 'n toegelate maatskappy waarvan hy nie lid is, nie, vir dieselfde kliënt sonder die medewete van sodanige argitek of toegelate maatskappy na te gaan, tensy genoemde argitek of toegelate maatskappy se diens in verband met die werk wat nagegaan word, beëindig is;

6.11 om willens en wetens 'n opdrag te onderneem terwyl 'n eis om vergoeding of skadevergoeding, of albei, van 'n argitek van wie se dienste in verband met genoemde opdrag voorheen gebruik gemaak is en wie se dienste beëindig is, nog onbetaald is, tensy sekuriteit gegee is vir die behoorlike nakoming van enige toekenning of uitspraak wat ten gunste van sodanige argitek gedoen of gegee is;

6.12 om sonder die voorafverkreë toestemming van die Raad te onderneem of aan te bied of ooreen te kom om enige werk uit te voer in verband met projekte, ondernemings of dienste van 'n argitektoniese aard teen vergoeding minder as dié kragtens artikel 7 (3) (b) van die Wet voorgeskryf;

6.13 om argitekswerk te verkry of probeer verkry deur 'n geldelike of ander waardevolle vergoeding of bewege-middel aan te bied of te betaal;

6.14 om of persoonlik of deur bemiddeling van 'n ander persoon, ongeag of sodanige persoon in sy diens is al dan nie, professionele werk te werf of aan te vra, of om aan te bied om by wyse van kommissie of andersins betaling vir die verkryging van sodanige werk te doen;

6.15 om enige oneerlike of onbehoorlike opdrag in watter vorm ookal aan te neem;

6.16 om kliënte te lok of op enige wyse professionele werk te werf;

6.17 om enige bouplan of skema of projek of dergelike dokument waarvoor hy of sy firma of die toegelate maatskappy waarvan hy lid is, nie professioneel aangesetel is nie, op te stel of regstreeks of onregstreeks aan iemand of aan enige liggaam voor te lê;

6.18 om in die openbare pers te adverteer of om onderhoude toe te staan of verslae, artikels of kennisgewings van watter aard ookal wat op hom, sy vennoot, personeel, firma of toegelate maatskappy in hul professionele hoedanigheid betrekking het, te reël of te laat verskyn of om omsendbriewe, briewe of professionele besigheidskaarte uit te reik aan enige ander persoon of instansie as dié met wie hy besigheidsbande het, met die doel om kliënte te lok;

6.19 knowingly to act unfairly against the interests of any party to a building contract in which his name, the name of his firm or the name of the permitted company of which he is a member, appears;

6.20 knowingly to compete unfairly for professional work;

6.21 to enter, in his capacity as an architect, into or dissolve any form of professional partnership or association or to become a member or cease to be a member of any permitted company without notifying the Council;

6.22 to enter, in his capacity as an architect, into partnership or other association with any person other than an architect, a quantity surveyor or professional engineer duly registered and in private practice except with the prior approval of the Council;

6.23 to become a member of any company other than a permitted company in his capacity as an architect in private practice;

6.24 to fail, within two months after having been instructed in writing by the Council to do so, to dissolve any partnership or other association of which he is a member in his capacity as an architect or to cease to be a member of a permitted company of which he is a member: Provided that the Council shall issue such an instruction only if it is satisfied, after due and proper inquiry, that one or more of the other members or employees of the partnership or association or permitted company concerned, who are not registered in terms of section 19 of the Act, have been guilty of acts which, had they been so registered, would have constituted a breach of any provision of these regulations;

6.25 to fail to display on all letterheads of his practice or of the firm or the permitted company of which he is a member the name/s of the principal or principals and all the partners or directors thereof;

6.26 to use a name with any misleading content for the title and style or name of his firm or of his firm in association with another firm or of the permitted company of which he is a member or to use any other name than his personal name or names together with such other words or affixes as are required by the Companies Act, 1926 (Act 46 of 1926), for such title and style or name without the approval of the Council: Provided that such title and style or name may include the name of a person to whom he is the bona fide successor in title;

6.27 to engage or act in private practice as an architect under the style of a company or through the medium of a company or to practise in association with a company purporting to do work which has been prescribed in terms of section 7 (3) (c) of the Act save and except upon the following terms and conditions:

(1) The company shall be a private company limited by shares and incorporated in terms of the Companies Act, 1926 (Act 46 of 1926), the memorandum of association of which shall contain—

(a) a provision to the effect that the directors and former directors of the company shall be liable, jointly and severally, together with the company for such debts and liabilities of the company as are or were contracted during their periods of office;

(b) a provision to the effect that the objects for which the company is established are to carry out the work of an architect or any work incidental thereto and only such work: Provided that—

(i) the work aforesaid may include the work of a quantity surveyor or a professional engineer or both;

6.19 om willens en wetens onregverdiglik op te tree teen die belange van enige party by 'n boukontrak waarin sy naam, die naam van sy firma of die naam van die toegelate maatskappy waarvan hy lid is, voorkom;

6.20 om willens en wetens op onbillike wyse om professionele werk mee te ding;

6.21 om in sy hoedanigheid van argitek enige vorm van professionele vennootskap of assosiasie aan te gaan of te ontbind of lid te word of op te hou om lid te wees van enige toegelate maatskappy sonder om die Raad in kennis te stel;

6.22 om sonder die voorafverkreë goedkeuring van die Raad in sy hoedanigheid van argitek 'n vennootskap of ander assosiasie aan te gaan met enige ander persoon as 'n argitek, 'n bourekenaar of professionele ingenieur wat behoorlik geregistreer is en 'n private praktyk beoefen;

6.23 om in sy hoedanigheid van argitek wat 'n private praktyk beoefen, lid te word van 'n ander maatskappy as 'n toegelate maatskappy;

6.24 om binne twee maande nadat hy skriftelik deur die Raad gelas is om dit te doen, te versuim om 'n vennootskap of ander assosiasie waarvan hy in sy hoedanigheid van argitek lid is, te ontbind of om op te hou om lid te wees van 'n toegelate maatskappy waarvan hy lid is: Met dien verstande dat die Raad sodanige opdrag uitreik net indien hy, na deeglike oorweging en behoorlike ondersoek, daarvan oortuig is dat een of meer van die ander lede of werknemers van die betrokke vennootskap of assosiasie of toegelate maatskappy wat nie ingevolge artikel 19 van die Wet geregistreer is nie, skuldig was aan handeling wat, indien hulle aldus geregistreer was, 'n oortreding van enige voorskrif van hierdie regulasies sou uitmaak;

6.25 om te versuim om die naam/name van die prinsipaal of prinsipale en alle vennote of direkteure van sy praktyk of die firma of die toegelate maatskappy waarvan hy lid is, op alle briefhoofde te laat verskyn;

6.26 om sonder die goedkeuring van die Raad 'n naam met 'n misleidende inhoud te gebruik vir die titel en naam van sy firma of van sy firma in assosiasie met 'n ander firma of van die toegelate maatskappy waarvan hy lid is of om enige ander naam as sy persoonlike naam of name, tesame met sodanige ander woorde of toevoegings as wat die Maatskappywet, 1926 (Wet 46 van 1926), bepaal, vir sodanige titel en firmaname te gebruik: Met dien verstande dat sodanige titel en firmaname die naam van 'n persoon van wie hy die bona fide-opvolger in titel is, kan insluit;

6.27 om as argitek met 'n private praktyk onder die naam van 'n maatskappy of deur middel van 'n maatskappy sake te doen of op te tree of te praktiseer in assosiasie met 'n maatskappy wat voorgee dat hy die werk doen wat kragtens artikel 7 (3) (c) van die Wet voorgeskryf is, behoudens ondergenoemde bepalings en voorwaardes:

(1) Die maatskappy moet 'n private maatskappy wees wat deur aandeel beperk is en geïnkorporeer is ingevolge die Maatskappywet, 1926 (Wet 46 van 1926), waarvan die akte van oprigting die volgende moet bevat:

(a) 'n Bepaling ten effekte dat die direkteure en voormalige direkteure van die maatskappy, gesamentlik en afsonderlik, tesame met die maatskappy, aanspreeklik is vir sodanige skulde en laste van die maatskappy as wat gedurende hul ampstermyn aangegaan word of is;

(b) 'n bepaling ten effekte dat die doeleindes waarvoor die maatskappy gestig word, is om die werk van 'n argitek of enige werk wat daarmee gepaard gaan, te doen en geen ander werk nie: Met dien verstande dat—

(i) voornoemde werk die werk van 'n bourekenaar of 'n professionele ingenieur of albei kan insluit;

(ii) the company shall not carry out the work of an architect unless at least one of its members is an architect;

(iii) where an architect has carried on the business of, or engaged or acted in his capacity as, an architect under the style of a company or through the medium of a company other than a private company limited by shares incorporated in terms of the Companies Act, 1926 (Act 46 of 1926), prior to 5 March 1971, he shall be permitted to continue to do so for a period not exceeding three years from the date hereof if such company satisfies the Council that it complies as far as possible with the requirements of these regulations.

(2) The articles of the company shall contain provisions to the effect that—

(a) the members of the company shall be natural persons only who are architects registered in terms of the Architects' Act, 1970 (Act 35 of 1970): Provided that the members may include quantity surveyors registered in terms of the Quantity Surveyors' Act, 1970 (Act 36 of 1970), and professional engineers registered in terms of the Professional Engineers' Act, 1968 (Act 81 of 1968), and any other person approved by the Council;

(b) every member shall be a director of the company;

(c) the shareholders agree that so long as any shares remain registered in the name of a deceased or disqualified member, the rights appertaining to such shares shall vest automatically in the remaining shareholders, if any, until the provisions of subparagraph (3) hereof have been carried out: Provided that where there are no remaining shareholders the company shall forthwith place itself in voluntary liquidation.

(3) In the event of the death of a member or in the event of his ceasing to be qualified as a member for any reason, the remaining directors, if any, shall take steps to ensure that the provisions of subparagraph (2) (c) are complied with within six months of such further period as the Council may allow.

(4) Any act done by or on behalf of the company by any member or employee thereof which would constitute improper conduct if done by an architect shall be deemed to have been done by each member of the company who is an architect unless it is proved that he did not knowingly take part in the commission of the act and could not have prevented it.

(5) No architect shall be permitted to do anything through a company which he would not be permitted to do otherwise;

6.28 to maintain any office for the purpose of there carrying on the work of an architect in private practice unless such office shall be under the full-time direct and personal supervision of a registered architect who is either in his full-time employ or with whom he is associated as a partner or as a member of a permitted company, nor shall he indicate by any means whatsoever that his practice as an architect extends to any office other than one complying with the terms of this regulation;

6.29 to fail to advise the Council within one month of any change of business address;

6.30 having acted in a consultative capacity in respect of a project for which another architect was employed and whose services were subsequently dispensed with, to undertake such project himself without the consent of the Council;

6.31 to conduct himself dishonourably in connection with the work performed by him as an architect;

6.32 so to conduct himself as to bring discredit upon the profession of architecture."

(ii) die maatskappy nie die werk van 'n argitek verrig nie tensy minstens een van sy lede 'n argitek is;

(iii) waar 'n argitek voor 5 Maart 1971 in sy hoedanigheid van argitek sake gedoen het of werk uitgevoer het of opgetree het onder die firmaam van 'n maatskappy of deur middel van 'n ander maatskappy as 'n private maatskappy beperk deur aandele en ingevolge die Maatskappywet, 1926 (Wet 46 van 1926), geïnkorporeer, word hy toegelaat om vir 'n tydperk van hoogstens drie jaar vanaf die datum hiervan aan te hou om dit te doen as sodanige maatskappy die Raad daarvan oortuig dat hy sover moontlik aan die vereistes van hierdie regulasies voldoen.

(2) Die statute van die maatskappy moet bepalinge bevat ten effekte dat—

(a) die lede van die maatskappy net natuurlike persone is wat argitek is, geregistreer ingevolge die Wet op Argitekte, 1970 (Wet 35 van 1970): Met dien verstande dat die lede bourekenaars geregistreer ingevolge die Wet op Bourekenaars, 1970 (Wet 36 van 1970), en professionele ingenieurs geregistreer ingevolge die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968), en enige ander persoon deur die Raad goedgekeur, kan insluit;

(b) elke lid 'n direkteur van die maatskappy is;

(c) die aandeelhouers instem dat solank enige aandele op naam van 'n oorlede of gediskwalifiseerde lid geregistreer bly, die regte met betrekking tot sodanige aandele outomaties by die oorblywende aandeelhouers (as daar is) berus, tot tyd en wyl die bepalinge van subparagraaf (3) hiervan nagekom is: Met dien verstande dat waar daar geen oorblywende aandeelhouers is nie die maatskappy hom onverwyld in vrywillige likwidasië moet plaas.

(3) Ingeval 'n lid te sterwe kom of om enige rede ophou om as lid te kwalifiseer moet die orige direkteurs (as daar is) stappe doen om te verseker dat die bepalinge van subparagraaf (2) (c) binne ses maande of sodanige verdere tydperk as wat die Raad toelaat, nagekom word.

(4) Enige daad van of namens die maatskappy wat deur enige lid of werknemer daarvan gedoen word en onbehoorlike gedrag sou uitmaak indien dit deur 'n argitek gedoen word, word geag gedoen te geword het deur elke lid van die maatskappy wat 'n argitek is, tensy bewys word dat hy nie willens en wetens aan die daad deelgeneem het en dit nie kon verhoed het nie.

(5) Geen argitek word toegelaat om enigiets deur 'n maatskappy te doen wat hy nie andersins toegelaat sou word om te doen nie;

6.28 om 'n kantoor aan te hou met die doel om aldaar die werk van 'n argitek met 'n private praktyk te beoefen, tensy sodanige kantoor onder die voltydse, regstreekse en persoonlike toesig van 'n geregistreerde argitek is wat of voltyds in sy diens is of met wie hy as vennoot of as lid van 'n toegelate maatskappy geassosieer is. Ook mag hy nie op enige wyse wat ook al te kenne gee dat sy praktyk as argitek 'n ander kantoor omvat as dié wat die bepalinge van hierdie regulasies nakom nie;

6.29 om te versuim om die Raad binne een maand van enige verandering van besigheidsadres in kennis te stel;

6.30 om, waar hy in 'n konsulerende hoedanigheid opgetree het ten opsigte van 'n projek waarvoor 'n ander argitek aangestel is en van wie se dienste later afgesien is, self sodanige projek sonder die Raad se toestemming te onderneem;

6.31 om homself op 'n oneerbare wyse te gedra in verband met werk wat deur hom as argitek gedoen word;

6.32 om hom so te gedra dat die beroep van argitek-tuur daardeur in oneer gebring word."

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE

No. R. 2286 30 November 1973
CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964.—AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/242)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended, with effect from 17 August 1973, to the extent set out in the Schedule hereto.

J. C. HEUNIS, Deputy Minister of Finance.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. R. 2286 30 November 1973
DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964.—WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/242)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hierby, met ingang van 17 Augustus 1973, gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

J. C. HEUNIS, Adjunk-minister van Finansies.

SCHEDULE

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
<p>50.09 By the substitution for the heading of sub-heading No. 50.09.15 of the following: "Fabrics of synthetic fibres containing combed wool or other combed animal hair, of a mass per m² of 142 g or more and of a value for duty purposes per m² exceeding 35c:"</p> <p>By the substitution for the heading of sub-heading No. 50.09.20 of the following: "Fabrics of synthetic fibres not containing combed wool or other combed animal hair and fabrics of cellulosic fibres containing 30 per cent or more combed wool or other combed animal hair or synthetic fibres or mixtures thereof, of a mass per m² of 142 g or more and of a value for duty purposes per m² exceeding 35c:"</p> <p>By the substitution for the heading of sub-heading No. 50.09.40 of the following: "Fabrics in which wool or hair predominates by mass:"</p>				
<p>50.10 By the deletion of subheading No. 50.09.47. By the substitution for the heading of sub-heading No. 50.10.15 of the following: "Fabrics of synthetic fibres containing combed wool or other combed animal hair, of a mass per m² of 142 g or more and of a value for duty purposes per m² exceeding 35c:"</p> <p>By the substitution for the heading of sub-heading No. 50.10.20 of the following: "Fabrics of synthetic fibres not containing combed wool or other combed animal hair and fabrics of cellulosic fibres containing 30 per cent or more combed wool or other combed animal hair or synthetic fibres or mixtures thereof, of a mass per m² of 142 g or more and of a value for duty purposes per m² exceeding 35c:"</p> <p>By the substitution for the heading of sub-heading No. 50.10.40 of the following: "Fabrics in which wool or hair predominates by mass:"</p>				
<p>51.04 By the deletion of subheading No. 50.10.47. By the substitution for the heading of sub-heading No. 51.04.30 of the following: "Crepe fabrics and seersucker fabrics, unprinted:"</p>				
<p>53.11 By the deletion of subheading No. 51.04.47. By the substitution for subheadings Nos. 53.11.20 and 53.11.50 of the following: "53.11.50 Fabrics woven from woollen yarns, containing 40 per cent or more cotton and of a mass per m² not exceeding 144 g</p> <p>By the substitution for subheading No. 53.11.80 of the following: "53.11.80 Fabrics raised on one or on both sides, of a mass per m² exceeding 340 g, commonly known as blanketing</p>	m ²	25%	5%	
<p>55.09 By the substitution for the heading of sub-heading No. 55.09.30 of the following: "Crepe fabrics and seersucker fabrics, unprinted:"</p> <p>By the deletion of subheading No. 55.09.47.</p>	m ²	25% or 22c per kg		

I Tariff Heading	II Statistical Unit	III IV V Rate of Duty		
		General	M.F.N.	Preferential
<p>56.07 By the substitution for the heading of sub-heading No. 56.07.30 of the following: "Crepe fabrics and seersucker fabrics, unprinted." By the substitution for the heading of sub-heading No. 56.07.37 of the following: "Fabrics of cellulosic fibres containing 30 per cent or more synthetic fibres, of a mass per m² of 142 g or more and of a value for duty purposes per m² exceeding 35c." By the deletion of subheading No. 56.07.47.</p>				

NOTE.—The duty on certain woven fabrics containing stretch or bulked yarns is reduced, with retrospective effect to 17 August 1973, to the rates of duty applicable before that date.

BYLAE

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
<p>50.09 Deur die opskrif van subpos No. 50.09.15 deur die volgende te vervang: „Stowwe van sintetiese vesels wat kamwol of ander gekamde dierehaar bevat, met 'n massa per m² van minstens 142 g en met 'n waarde vir belastingdoeleindes per m² van meer as 35c.” Deur die opskrif van subpos No. 50.09.20 deur die volgende te vervang: „Stowwe van sintetiese vesels wat nie kamwol of ander gekamde dierehaar bevat nie en stowwe van sellulosiese vesels wat minstens 30 persent kamwol of ander gekamde dierehaar of sintetiese vesels of mengsels daarvan bevat, met 'n massa per m² van minstens 142 g en met waarde vir belastingdoeleindes per m² van meer as 35c.” Deur die opskrif van subpos No. 50.09.40 deur die volgende te vervang: „Stowwe waarin wol of haar volgens massa oorheersend is.” Deur subpos No. 50.09.47 te skrap.</p>				
<p>50.10 Deur die opskrif van subpos No. 50.10.15 deur die volgende te vervang: „Stowwe van sintetiese vesels wat kamwol of ander gekamde dierehaar bevat, met 'n massa per m² van minstens 142 g en met 'n waarde vir belastingdoeleindes per m² van meer as 35c.” Deur die opskrif van subpos No. 50.10.20 deur die volgende te vervang: „Stowwe van sintetiese vesels wat nie kamwol of ander gekamde dierehaar bevat nie en stowwe van sellulosiese vesels wat minstens 30 persent kamwol of ander gekamde dierehaar of sintetiese vesels of mengsels daarvan bevat, met 'n massa per m² van minstens 142 g en met 'n waarde vir belastingdoeleindes per m² van meer as 35c.” Deur die opskrif van subpos No. 50.10.40 deur die volgende te vervang: „Stowwe waarin wol of haar volgens massa oorheersend is.” Deur subpos No. 50.10.47 te skrap.</p>				
<p>51.04 Deur die opskrif van subpos No. 51.04.30 deur die volgende te vervang: „Kripstowwe en sirsakarstowwe, onbedruk.” Deur subpos No. 51.04.47 te skrap.</p>				
<p>53.11 Deur subposte Nos. 53.11.20 en 53.11.50 deur die volgende te vervang: „53.11.50 Stowwe van kaardgarings gewef, wat minstens 40 persent katoen bevat en met 'n massa per m² van hoogstens 144 g Deur subpos No. 53.11.80 deur die volgende te vervang: „53.11.80 Stowwe aan een of aan albei kante gepluis, met 'n massa per m² van meer as 340 g, gewoonlik kombersgoed genoem</p>	<p>m²</p> <p>m²</p>	<p>25%</p> <p>25% of 22c per kg</p>	<p>5%”</p>	

I Tariefpos	II Statistiese Eenheid	III IV V Skaal van Reg		
		Algemeen	M.B.N.	Voorkeur
55.09 Deur die opskrif van subpos No. 55.09.30 deur die volgende te vervang: „Kripstowwe en sirsakarstowwe, onbedruk:” Deur subpos No. 55.09.47 te skrap.				
56.07 Deur die opskrif van subpos No. 56.07.30 deur die volgende te vervang: „Kripstowwe en sirsakarstowwe, onbedruk:” Deur die opskrif van subpos No. 56.07.37 deur die volgende te vervang: „Stowwe van sellulosiese vesels wat minstens 30 persent sintetiese vesels bevat, met 'n massa per m ² van minstens 142 g en met 'n waarde vir belastingdoeleindes per m ² van meer as 35c:” Deur subpos No. 56.07.47 te skrap.				


OPMERKING.—Die reg op sekere weefstowwe wat rek- of uitbultgarings bevat word verlaag, met terugwerkende krag tot 17 Augustus 1973, na die skale van reg van toepassing voor daardie datum.

Use it.

Don't abuse  it.

water is for everybody

Werk mooi daarmee.

Ons leef  daarvan

Buy National Savings Certificates

Koop Nasionale Spaarsertifikate

CONTENTS

No.		Page
PROCLAMATIONS		
R. 277.	Correction Notice	1
R. 278.	Potato Scheme: Amendment	1
R. 279.	Mohair Scheme: Amendment	3
R. 280.	Commencement of certain sections of the Constitution and Elections Amendment Act, 1973	5
GOVERNMENT NOTICES		
Agricultural Economics and Marketing, Department of Government Notices		
R.2248.	Returns and records in connection with Potatoes: Amendment	5
R.2261.	Producers price of fresh milk in Windhoek	6
R.2262.	Producer's price of fresh milk in Otjiwarongo	7
R.2276.	Regulations relating to the grading and inspection of unmanufactured leaf tobacco intended for export: Amendment	7
R.2277.	Special levy on eggs: Amendment	8
R.2278.	Producer prices for offall in controlled areas: Amendment	8
Bantu Administration and Development, Department of Government Notices		
R.2255.	Blind persons pensions in respect of Bantu: Amendment of Government Notice R. 1814 of 1968	9
R.2256.	Disability pensions in respect of Bantu: Amendment of Government Notice R. 1815 of 1968	10
R.2257.	Old Age pensions in respect of Bantu: Amendment of Government Notice R. 1813 of 1968	10
R.2275.	Kavango Legislative Council: Enactment 5 of 1973: Unauthorised expenditure enactment	11
Commerce, Department of Government Notice		
R.2251.	Marketing of goods by means of distributors	12
Customs and Excise, Department of Government Notice		
R.2286.	Customs and Excise Act, 1964: Amendment of Schedule 1 (No. 1/1/242)	32
Finance, Department of Government Notice		
R.2231.	Exchange Control Regulations: Appointment of authorised dealers	12
Industries, Department of Government Notice		
R.2282.	Fuel Research Institute and Coal Act, 1963: Amendment of regulations	13
Labour, Department of Government Notices		
R.2232.	Apprenticeship Committee for the Coal Mining Industry, Natal: Withdrawal and prescription of conditions of apprenticeship	13
R.2233.	Apprenticeship Committee for the Jewellers, and Goldsmiths Industry, The Cape	13
R.2234.	Building Industry, Worcester: Renewal of Agreement	14
R.2249.	Cancellation of the Provisions of Wage Determination 288: Woolwashing Trade, Certain Areas	14
R.2250.	Apprenticeship Act, 1944, as amended: Railway Apprenticeship Committee: Change of name of trade	14
R.2263.	Industrial Conciliation Act, 1956: Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry	14
R.2279.	Building Industry, Worcester: Amendment of Agreement	14
R.2280.	Industrial Conciliation Act, 1956: Liquor, private hotel and boarding-house trades and trade of letting flats or rooms, South Coast, Natal: Extension of Main Agreement	15

INHOUD

No.		Bladsy
PROKLAMASIES		
R. 277.	Verbeteringskennisgewing	1
R. 278.	Aartappelskema: Wysiging	1
R. 279.	Sybokhaarskema: Wysiging	3
R. 280.	Inwerkingtreding van sekere artikels van die Wysigingswet op die Grondwet en Verkiegings, 1973	5
GOEWERMENSKENNISGEWINGS		
Arbeid, Departement van Goewermentskennisgewings		
R.2232.	Komitee vir Vakleerlingskap in die Steenkoolmynnywerheid, Natal: Intrekking en voorskrywing van leervoordes	13
R.2233.	Vakleerlingskapkomitee vir die Juweliers- en Goudsmidnywerheid, Die Kaap	13
R.2234.	Bounywerheid, Worcester: Hernuwing van Ooreenkoms	14
R.2249.	Intrekking van die bepalinge van Loonvasstelling 288: Wolwasserybedryf, Sekere Gebiede	14
R.2250.	Wet op Vakleerlinge, 1944, soos gewysig: Komitee vir Spoorwegvakleerlinge: Verandering van ambagsbenaming	14
R.2263.	Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid	14
R.2279.	Bounywerheid, Worcester: Wysiging van Ooreenkoms	14
R.2280.	Wet op Nywerheidsversoening, 1956: Drank-, Privaathotel- en Losieshuisbedryf en die bedryf vir die verhuur van woonstelle of kamers, Suidkus, Natal. Verlenging van Hofooreenkoms	15
Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, Departement van Goewermentskennisgewings		
R.2255.	Pensioene vir blindes ten opsigte van Bantoes: Wysiging van Goewermentskennisgewing R. 1814 van 1968	9
R.2256.	Ongeskiktheidspensioene ten opsigte van Bantoes: Wysiging van Goewermentskennisgewing R. 1815 van 1968	10
R.2257.	Ouderdomspensioene ten opsigte van Bantoes: Wysiging van Goewermentskennisgewing R. 1813 van 1968	10
R.2275.	Wetgewende Raad van Kavango. Maatregel 5 van 1973: Maatregel op ongemagtigde uitgawes	11
Doecane en Aksyns, Departement van Goewermentskennisgewing		
R.2286.	Doecane- en Aksynswet, 1964: Wysiging van Bylae 1 (No. 1/1/242)	32
Finansies, Departement van Goewermentskennisgewing		
R.2231.	Deviesebeheerregulasies: Aanstelling van gemagtigde handelaars	12
Handel, Departement van Goewermentskennisgewing		
R.2251.	Bemaking van goedere deur middel van distribueerders	12
Landbou-ekonomie en -bemaking, Departement van Goewermentskennisgewings		
R.2248.	Opgawes en aantekeninge in verband met aartappels: Wysiging	5
R.2261.	Produsenteprys van varsmelk in Windhoek	6
R.2262.	Produsenteprys van varsmelk in Otjiwarongo	7
R.2276.	Regulasies met betrekking tot die gradering en inspeksie van onvervaardigde blaartabak wat vir uitvoer bestem is: Wysiging	7
R.2277.	Spesiale heffing op eiers: Wysiging	8
R.2278.	Produsentepryse van afval in beheerde gebiede: Wysiging	8
Nywerheidswese, Departement van Goewermentskennisgewing		
R.2282.	Wet op die Brandstofnavorsingsinstituut en Steenkool, 1963: Wysiging van regulasies	13

<i>No.</i>	<i>Page</i>	<i>No.</i>	<i>Bladsy</i>
Posts and Telegraphs, Department of		Openbare Werke, Departement van	
<i>Government Notices</i>		<i>Goewermentskennisgewing</i>	
R.2226. Amendment to the list of telephone call fees for the international telephone service	16	R.2247. Wet op Argitekte, 1970 (Wet 35 van 1970): Regulasies	27
R.2230. Amendment to the list of telephone call fees for the international telephone service	16	Pos-en-Telegraafwese, Departement van	
R.2246. Amendment of the Radioregulations	16	<i>Goewermentskennisgewings</i>	
Public Service Commission, Office of the		R.2226. Wysiging van die lys van telefoonoproepkoste vir die internasionale telefoondiens	16
<i>Government Notice</i>		R.2230. Wysiging van die lys van Telefoonoproepkoste vir die internasionale telefoondiens	16
R.2241. Public Service Act, 1957, as amended	26	R.2246. Wysiging van Radioregulasies	16
Public Works, Department of		Staatsdienskommissie, Kantoor van die	
<i>Government Notice</i>		<i>Goewermentskennisgewing</i>	
R.2247. Architects' Act, 1970 (Act 35 of 1970): Regulations	27	R.2241. Wysiging van Staatsdiensregulasies	26